# Laerskool Eligwa

H/v Conan Doyle en Lion Cach
n VANDERBIJLPARK 190
(016) 933-477
E-pos: eligwa@mweb.co.z


4 Maart 2021

Geagte Ouers / Voogde

**NUUSBRIEF 4 VAN 2021**

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

1. **MEEGEVOEL**
Dit is met groot hartseer dat ons u in kennis moet stel dat Johannes, een van ons algemene werkers, oorlede is. Ons dink aan sy familie in hierdie moeilike tyd en glo dat Hy vir hulle vertroosting sal bring.

2. **INENTING EN ONTWURMINGSTABLETTE**
Die gesondheidsdepartement besoek ons skool op 8 April. Die Graad 5-dogters word ingeënt teen die HPV virus en die seuns teen Tetanus en Diphtheria. Dit is absoluut vrywillig. Voltooi asseblief aangehegde toestemmingsbrief van die Departement van Gesondheid en stuur so gou doenlik terug skool toe.

3. **ATLETIEK / RUGBY / NETBAL**
Die interhuis atletiekbyeenkoms is nou afgehandel en ons wag vir toestemming om teen ander skole mee te ding. Ons sal u ook op hoogte hou sodra ons gaan begin met rugby en netbal.

Baie geluk aan Taylon van Breda wat op die 2020 SA Skole Sportsterre ranglys die volgende posisies behaal het vir Dogters 0/12. Verspring 3de plek, 150m hekkies 7de plek en 75m hekkies 5de plek. Ons is baie trots op haar.

4. **BEHEERLIGGAAMSVERKIESING**
Die vergadering vir die nominasie van kandidate vir die verkiesing van 6 ouerlede vind plaas op 7 April 2021 om 17:30 in die skoolsaal. Sien aangehegde brief vir al die inligting rakende die verkiesing.

5. **MEDIESE ARMBANDE (ICE-TAG)**
Indien u kind aan 'n allergie ly, soos bysteke of penisillien, is dit belangrik dat hy/sy 'n mediese armband dra met al die nodige inligting daarop. Medikasie rondom die allergie moet aan die kantoor verskaf word sodat daar dringend opgetree kan word indien nodig.

2/...



6. **INDIVIDUELE FOTO'S (GR. RR TOT GR. 1)**
U het reeds 'n bestelvorm ontvang met voorbeelde van items waarop u kind se foto aangebring kan word. Al die pryse is langs elke item aangebring. U kies self watter items u soek en merk dan die bepaalde blokkie. U doen self die berekening van die totale bedrag verskuldig en vul dit in die toepaslike blokkie in. NB. Plaas asseblief die korrekte bedrag per kind in elke koevert aangesien die skool geen kleingeld gaan uitkeer nie. Die totale administrasie sal deur Mardo Foto's self hanteer word. Die sluitingsdatum vir die bestelling MET die geld in die koevert is Vrydag, 19 Maart 2021.

7. **KOEKVERKOPING**
Die Graad RR/R en Graad 7 leerders hou koekverkoping op Vrydag, 9 April 2021. Baie dankie by voorbaat vir u ondersteuning in die verband.

8. **SKOOLSLUITING**
Die skool sluit Vrydag, 12 Maart 2021 vroeër vir die leerlinge as gevolg van 'n personeelvergadering. Die grade sluit as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Gr. RR / R leerlinge | - | normale tyd |
| Gr. 1 leerlinge | - | 12:15 |
| Gr. 2 leerlinge | - | 12:30 |
| Gr. 3 leerlinge | - | 12:45 |
| Gr. 5 en 7 leerlinge | - | 13:00 |

Groete

**B D BOSHOFF**
**HOOF**

# Laerskool Eligwa

## BEHEERLIGGAAMSVERKIESING : 2021

NAAM VAN SKOOL: **Laerskool Eligwa**
**h/v Conan Doyle en Lion Cachetstraat SW1**
**VANDERBIJLPARK**

1. Hiermee word kennis gegee dat 'n vergadering vir die nominasie van kandidate vir die **verkiesing van 6 ouerlede van die Beheerliggaam** vir die bogenoemde skool gehou sal word op **7 April 2021 om 17:30 in die skoolsaal van Laerskool Eligwa.**

   'n Kandidaat kan op twee maniere genomineer word:

1.1 deur 'n nominasievorm wat behoorlik ingevul is deur die voorsteller, sekondant en kandidaat by die verkiesingsbeampte in te dien, nie meer nie as sewe (7) dae en nie minder as een (1) dag voor die nominasie vergadering; of

1.2 deur 'n ouer as lid voor te stel tydens die nominasie vergadering, mits nog 'n ouer wat teenwoordig is, die voorstel sekondeer en 'n nominasievorm wat behoorlik ingevul is deur die voorsteller, sekondant en kandidaat by die verkiesingsbeampte ingedien word binne die tydperk wat in die nominasie vergadering deur die verkiesingsbeampte toegestaan word vir hierdie doel.

2. Nominasievorms is beskikbaar in die kantoor. (Belangrik: Nominasiesvorms moet korrek ingevul word en geteken wees. Alle vooraf nominasies moet ingehandig wees voor of op 6 April 2021. Vooraf nominasies sal nie aanvaar word indien dit laat ingedien word nie. Die termyn van die Beheerliggaam is drie jaar. Indien u kind skool verlaat bv. Graad 7 verstryk u termyn ook op die Beheerliggaam.

   Slegs ouers wat op die kieserslys is mag nomineer en stem.

3. U moet asseblief die volgende saambring:

   ID Dokument of Bestuurslisensie of Paspoort

   Ons moet ± 180 ouers by die vergadering wees om 'n kworum te vorm.

   As meer kandidate voorgestel word as die aantal ouers wat verkies moet word, **sal 'n stemming gehou word op 7 April 2021 om 17:30 te Laerskool Eligwa.**

Datum: 26 Februarie 2021

Handtekening van verkiesingsbeampte: _____

Telefoonnommer: 016 932 1155

Adres van verkiesingsbeampte: HOëRSKOOL TRANSVALIA

**MNR B D BOSHOFF**
**HOOF**